IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(SPECIAL COURT - PRETORIA)

CASE NO. CC.808/77

21st NOVEMBER, 1977

# THE STATE

versus

THOMAS MASUKU & 2 OTHERS

---

BEFORE THE HONOURABLE MR. JUSTICE THERON & 2 ASSESSORS

ON BEHALF OF THE STATE: ADV. JANSEN
ADV. KNOETSE

ON BEHALF OF THE DEFENCE: ADV. C.G. MENDELOW S.C.
ADV. J.N. CULLABINE

---

Lubbe Recordings (Pretoria)

VOLUME 6

(PAGES 343 -360)

/UvB

Soos gewoonlik, die mense neem dit maar so aan.

Maar jy erken dit is so? --- Ja.

Hoekom sukkel ons dan so om dit uit jou uit te kry? Kyk, jy het in jou getuienis nou aangedui dat jy baie belang gestel het in skoolopleiding van mede Swart burgers van die land, skoolopleiding in die buiteland? --- Ja.

En jy wou graag die mense help om opleiding in die buiteland te ontvang? --- Sy Edele, as 'n persoon na my toe kom en hy kom hulp vra dan gee ek hom die hulp as ek dit het.

So jy wou nou graag vir hierdie mense help om in die buiteland te kom om skoolopleiding te ontvang? --- Ja.

En as hulle klaar die skoolopleiding ontvang het, wat moes hulle dan gedoen het? --- Dan sal 'n persoon self besluit om wat om daarmee te doen.

Maar die idee is dat hy moet terugkom en die skoolopleiding hier in Suid-Afrika gebruik, want jy wou darem seker gehad het die mense moet vir hulle eie mense tot nut wees met hierdie opleiding? --- Ja, ek wou dit so gehad het maar as 'n persoon dit nie wil hê nie, ek kan hom nie dwing nie.

Nou maar wou een van hulle dit nie gehad het nie? --- Ek weet nie.

Wat was beskuldigde nr. 1 se idee, wat wou hy met sy skoolopleiding gemaak het? --- Hy het my nie gesê wat hy daarmee wil doen nie.

Het jy hom ook nie gevra nie? --- Ek het hom nie gevra nie.

Waarvoor wou hy gaan leer het? --- Hy wou "political science" gaan leer.

Wat wou hy daarmee gedoen het? --- Hy sal moet weet

wat/...

wat hy daarmee wil doen.

Wat wou beskuldigde nr. 2 gaan doen het? --- Hy wou daar geleer het om 'n aanklaer te word.

By die Hof, nè? --- Ja.

Wou hy hier in Suid-Afrika dit kom gebruik het? --- As hy toegelaat is, dan sal hy dit hierso gebruik.

Solomon Mhlangu, waarvoor wou hy geleer het? --- Ek het hom nie gevra nie.

Hoe ver het Solomon Mhlangu op skool gekom? --- Ek weet nie so goed nie maar hy was daar by die J.C.

Daar rond, ja. En beskuldigde nr. 2, hoe ver het hy gekom? --- Ook by J.C.

Het hy dit gekry of dink jy maar daar in die omgewing van J.C.? --- Hy het dit gekry.

Goed. En jy het vir hulle nou die pad beduie na die buiteland, nè? --- Ja.

Altesame drie keer, volgens jou? --- Ja.

En jy het vir hulle gesê hulle moet versigtig wees wat hulle aantrek, is dit reg? --- Ja, dié het ek gesê.

Hulle moet skelm-skelm daarso beweeg in die Oos-Transvaal, sodat die polisie hulle nie sien nie? --- Ek verstaan nou nie hoe hierdie vraag is nie. Ek weet nie of dit miskien volgens een van hierdie Staatsgetuies, hulle dit gesê het of is dit nou miskien in 'n ander manier?

Ek vra die vraag vir jou, of hulle moet so beweeg en onopsigtelike klere aantrek dat die polisie hulle nie kan sien nie. Het jy dit vir hulle gesê? --- Ja, ek het hulle gesê.

Nou ja. En daar by die grens moet hulle versigtig wees dat die polisie hulle nie raaksien as hulle oor die grens gaan nie? --- Ja.

So/...

So hulle moet eintlik wegkruip vir die polisie. As die polisie daar is moet hulle wegkruip en wag totdat die polisie weggaan? --- Ja dit is so.

So dit is reg wat Jerome Nkosi hier vertel het, dat jy hierdie goed vir die twee beskuldigdes en Solomon Mhlangu gesê het? --- Ek het hulle nie gesê nie. Dit is iets wat hulle self - maar Jerome Nkosi het iets daar gesê, as die polisie na Komatipoort toe gaan; nou hoe weet ek nou dat die polisie na Komatipoort toe gaan?

Kyk, jou vorige antwoord was jy het nie vir hulle gesê nie, dit is iets wat hulle self geweet het? --- Maar ek het gesê ek het hulle so gesê en tweedens, hulle weet dit ook so.

Ja, so jy het dit vir hulle gesê? --- Ja ek het hulle gesê, Sy Edele, maar ek het hulle nie gesê van die polisie wanneer hulle na Komatipoort toe gaan nie.

Waar is die Lebombo Berge? --- Sy Edele ek ken hulle slegs van die landkaart. Self met my oë het ek hulle nooit gesien nie.

En as jy daar van Malelane se kant af wil gaan na Mosambiek toe dan gaan jy oor die Lebombo Berge? --- Op watter grens?

Mosambiek? --- Nee.

Waar lê die Lebombo Berge dan? --- Volgens die landkaar daar het hulle op die suid-oos van die Transvaal gelê.

Daar op die grens? --- Volgens wat ek geleer het is hulle deel van die grens van die Transvaal en Mosambiek.

Ja, dit is wat ek wil hê. So om te stap van die Transvaal na Mosambiek toe moet jy daar oor die Lebombo Berge stap? --- Nee dit is iets wat ek nie weet nie.

Maar jy het dan nou net gesê dit is daar by die grens?

--Maar/...

--- Maar vir watter doel is dit dan, as 'n persoon na Mosambiek wil gaan om na die Lebombo Mountains toe te gaan in plaas van die regte manier, dat hy deur die pad reguit gaan.

Jy sê in jou hoofgetuienis jy het gehoor van mense wat uitgegaan het deur die Anglo-American Korporasie vir opleiding in die buiteland? --- Ja.

Daardie persoon het seker op 'n wettige manier die land uitgegaan met 'n paspoort en so aan?--Ja.

En dit is met die toestemming van die regering wat hy uit is? --- Ja.

En hoekom het jy nie probeer om op hierdie manier die drie persone - dit is nou nr. 1 en 2 en Mhlangu - uit die land uit te kry nie, met 'n paspoort? --- Sy Edele as 'n persoon na my toe kom en hy vra iets, ek moet dit vir hom so gee want hy het so besluit om dit in daardie manier te doen. Dit is net soos 'n persoon, as hy vyf sent by my vra, dit is nie nodig dat ek hom R100 gee nie.

Jy moet nou nie vir jou probeer snaaks hou nie. Hoekom sê jy nie vir hierdie mense kyk, jy kan op 'n wettige manier uit die land uitgaan, ek weet van 'n persoon wat wettig uit is vir verdere studies; kom ons gaan na die mense toe en ons kry vir jou die ding? Hoekom moet jy jou aan die gevaar blootstel van arrestasie? --- Hierdie mense was haastig. As hulle nog vir paspoorte moet wag, hulle weet dit sal hulle weke neem.

Hulle gaan hier in Oktobermaand uit en die nuwe jaar is twee maande voor. --- Maar as 'n persoon 'n scholarship wil hê, jy kan nie net daar kom en sê ek wil 'n scholarship hê nie, dan word dit sommer onmiddellik aan hom gegee nie. Hy moet daar gaan sit en praat en daar is nog ander mense

wat/...

wat voor hom gewees het. Hy moet wag totdat die mense voor hom klaar is.

So julle het dit oorweeg, hierdie kwessie van om dit op 'n wettige manier te doen? --- Ja.

So julle het daaroor gepraat? --- Die advantages en die disadvantages daarvan het ons gekyk.

Maar hoekom het jy dit nog nooit vir die Hof vertel dat julle dit wel bespreek het nie? --- As 'n persoon hier in die getuiebank is, hy praat maar net van 'n ding wat hy sommer nie op die oomblik van dink nie.

Ja, luister hierso. Hier van die 22ste September rond af, toe is daar al met jou konsultasies gevoer? --- Ja.

Het jy dit ooit vir een van jou advokate vertel? --- Nee.

Hoekom nie? Jy was mos nie toe in die getuiebank nie? --- Ek het nie eers daaraan gedink nie, en ek het ook nie gedink ek sal hiervan gevra word nie.

Nee man, die hele idee was dan volgens jou om uit te gaan vir skoolopleiding en jy wil nou hier wys dat jy 'n goeie bedoeling gehad het met hierdie mense. Hoekom vertel jy dit nie vir die Hof en vir jou advokate nie? --- My advokaat het nie daaraan gedink nie, ek ook nie asook my mede-beskuldigdes het ook nie daaraan gedink nie.

Ja, want dit het nie bestaan nie. Julle het dit nooit bespreek nie. --- 'n Mens kan mos nie alles onthou wat daar bespreek was nie. En ons het dan nie bandopnames nie.

As die mense in Swaziland sou inkom, daar by Jeppe's Reef rond, waar sou hulle nou gegaan het, volgens jou? Dit is nou beskuldigdes 1 en 2 en Solomon? --- Hulle moes na Pigg's Peak toe gegaan het.

En daarvandaan? --- Van daar af sou hulle busse gery

het/...

het na Mbabane toe.

Ja, hulle wou eintlik by Mbabane uitgekom het? -- Ja.

Nou waarvoor moet hulle nou die hele pad reis tot daar amper by Mosambiek se grens en dan terugkom af ondertoe na Mbabane toe? Hoekom kon hulle nie reguit deurgery het hier van Pretoria af na Mbabane nie? --- Maar soos hulle reeds hier getuig het, dat hulle verdwaal het langs die pad.

Nee, jy het vir hulle gesê hulle moet ry tot by Hectorspruit.

HOF: Ek sien jy verstaan Afrikaans baie goed vanmôre. Jy antwoord sommer uit jou eie voordat die tolk nog vir jou die vraag gevra het. --- Sy Edele 'n persoon leer maar elke dag so aan.

Jy het goed geleer in die paar dae wat jy hier is, nè? --- Daar waar ek is, ek het ook Afrikaanse boeke.

Is dit nie so dat jy Vrydag toe [vir] ons gesê het jy het die pad na Mosambiek geken want jy was drie keer daar gewees? --- Ek het so gesê.

Was jy daar met skoolopleiding? --- Ja.

So jy het geweet daar sal ook skoolopleiding verkry vir jou mense? --- Toe ek daarheen gegaan het, dit was voor hierdie nuwe regering van Mosambiek. Nou dinge verander maar en so aan.

Ek wil net vir jou lees wat jy gesê het vir die landdros in die laer hof toe die voorlopige ondersoek plaasgevind het. Dit was aan jou gestel; klagstaat nr. 4 was aan jou gestel gewees, dat jy die persone gehelp het om na Mosambiek te gaan en toe het die landdros vir jou gevra wat is die grondslag van jou verweer op die klagte en jou antwoord is dat "Hulle" - die persone van wie gepraat is - "het geweet dat ek die pad

na/...

na Mosambiek toe ken". --- Ek onthou dit was toe die aanklaer my daar gevra het was jy al op Mosambiek gewees, toe ek so geantwoord het.

Die vraag was nie aan jou gestel of jy in Mosambiek was nie. Die vraag was gewees of jy die mense die pad beduie het en jou antwoord is, en ek sal dit weer lees vir jou, "Hulle het geweet dat ek die pad na Mosambiek toe ken" en jy het verder gegaan ..(getuie kom tussenbei ) --- Ek was gevra of ek al ooit na Mosambiek toe gegaan het.

Jy sien, jy wil nie luister na die volledige vraag nie en natuurlik is dit duidelik waarom nie. Die vraag is dit: het jy geantwoord dat "hulle geweet het dat ek die pad na Mosambiek ken"? Dit is wat ek jou vra. --- (Hof kom tussenbei)

Goed, jy herhaal die vraag weer? --- Ek herhaal die vraag.

Die volgende antwoord wat jy self gee is "Hulle het geweet ek het met die skool se verrigtinge drie keer soontoe gegaan." --- Nee SY Edele, ek was nie so gevra nie.

Nee maar dit is jou antwoord wat jy gegee het. --- My woorde was nie soos dit nou daar genotuleer is nie.

Hoe sou dit hier op rekord kom dat jy met drie geleenthede met skoolverrigtinge daar gewees het? --- (Die getuie praat met tolk, Hof kom tussenbei)

Die aanklaer het jou niks gevra nie. Dit is die landdros wat die vraag gestel het. --- Nee ek het nou 'n fout begaan. Ek praat nou nie van die aanklaer nie. Ek het 'n fout begaan. Ek praat van die tolk. Dit is die tolk wat sy eie woorde daar gesit het.

Die tolk het nie geweet jy was drie keer met skoolverrigtinge in Mosambiek nie. --- Maar ek het hom so gesê.

Hoekom/...

Hoekom sê jy vir hom so? --- Hy het my gevra was jy al ooit na Mosambiek toe, toe sê ek vir hom ja.

Gaan maar aan, meneer.

MNR. JANSEN: Ek wil nou weer van jou weet hoekom sê jy vir hierdie mense hulle moet gaan tot daar byna by die grens van Mosambiek en dan moet hulle heeltemal terugkom af na Mbabane toe? Hoekom het jyhulle nie die pad beduie reguit na Mbabane toe nie? --- Van Jeppe's Reef is die pad reguit na Mbabane toe, daar is geen draaitjies daar nie.

Ag nee man, kyk nou. Kyk op 'n kaart - gee vir hom daardie kaart. Sien jy waar gaan die grootpad van Pretoria af na Komatipoort toe? Jy kan mos nou 'n kaart lees. 'n Mooi groot, nuwe pad. --- Ek sien dit.

Dan gaan draai jy daar by Malelane of by Hectorspruit, dan kom jy terug, heeltemal terug in 'n suidwestelike rigting na Mbabane toe. Is dit reg? Jy moet terugkom in 'n suidwestelike rigting na Mbabane toe. Nou vra ek hoekom het jy hulle nie laat van Pretoria af reguit gaan na Mbabane toe nie? Hoekom het jy daardie vreeslike draai gemaak met die manne? --- Soos hulle my daar gevra het, dit was al pad wat ek van geweet het, diè wat ek hulle gegee het.

Maar jy kan mos 'n kaart lees? Jy kan die Lebombo berge op 'n kaart sien, jy ken mos 'n kaart. Jy kan 'n kaart lees? ---- Ja.

Nou hoekom vat jy nie die kaart en sê vir hulle kyk, hier is die pad om te gaan nie? --- Ek kan nie 'n persoon 'n pad wys waar hy sal verdwaal nie. Ek moet hom 'n pad gee wat ek van weet.

Jy wil 'n pad weet, vir hulle 'n pad gee wat jy van weet en daar verdwaal hulle nou al klaar, volgens julle? --- Ek het/...

het hulle die regte pad gewys, toe gaan verdwaal hulle op hulle eie.

Ja goed. Wat is die eerste wat jy weer van beskuldigde nr. 1 gehoor het nadat hy nou weg is? --- Ek het toe van hom deur Jerome gehoor.

Dat hy sy skoolsertifikaat soek? --- Ja.

Toe weet jy darem nou die mense wat buite toe gaan, hulle moet hulle skoolsertifikate saamvat, dit is 'n vereiste daar buitekant? -- Hulle moes hulle saamgeneem het. 1

Ja. Nou ek neem aan hierdie ses mannetjies wat jy agterna toe wou uitgeneem het, jy het nie toe vir hulle gesê kêrels, dit is baie belangrik, julle skoolsertifikate moet saamgaan nie? --- Hierdie mense het geweet waarheen hulle gaan. Ek het hulle nie gewerf nie. Die persoon wat hulle gewerf het, dit is die persoon wie vir hulle moes gesê het wat hulle moet saamvat. Dit was nie my plig nie. Ek moes hulle maar net van die pad beduie.

Ja, jy moes hulle die pad beduie. Jy het moeite gedoen om vir hulle geld in die hande te kry, jy het vergaderings gereël vir hulle, jy het hulle belange op die hart gedra. 2
--- Ek het hulle gehelp.

Jy het seker vir hulle gesê wat se klere hulle moet saamvat? --- Ja.

Hoekom los jy dit nie vir Jerome Nkosi nie? --- Daardie klerasie ding het daar gekom na hierdie pad se affêre.

Maar hoekom - nou vra ek weer vir jou, jy het geweet op daardie stadium dit is baie belangrik, vir skoolopleiding in die buiteland moet daar 'n sertifikaat wees. Hoekom sê jy nie net vir hulle nie, kêrels, onthou die sertifikaat 3
of sê vir Jerome hy moet onthou om vir hulle te vertel van

die/...

die sertifikaat nie? --- Maar hierdie persone het slegs vir die pad na my toe gekom en niks anders nie.

Net die pad? --- Toe vra ek vir hulle waarvoor wil hulle die pad hê, toe sê hulle vir my in verband met scholarships.

Ek wil dit nou net duidelik hê. Al wat jy oor genader was was die pad, jy moes net vir hulle die pad beduie? --- Ek het hulle van die pad vertel maar dit was nie my plig om hulle te sê hoeveel broeke of wat nog moet hy saamvat nie. Dit was toe nie my plig nie.

Luister Richard, my vraag is baie duidelik. Die rede waarom jy in die prentjie ingekom het was net om die pad vir hulle te beduie, verder niks? --- Ons sal maar so sê.

Verstaan jy nou die tolk baie goed daar? Het hy nou reg getolk daar? --- Slegs die pad.

Hoekom het jy dan die moeite gedoen om vir Freddie in die hande te probeer kry vir geld, die vergaderings wat jy gehou het met die manne? Jy was mos net die pad gevra? --- Maar geld is ook in verband met die pad.

Jy het moeite gedoen om vir hulle geld te kry om hulle uit te vat. Hoekom het jy nie net vir hulle die pad beduie nie? Dit is al waarvoor jy gevra is. --- Ek het hulle gehelp met iets wat hulle wou gehad het, nie met iets wat hulle nie wou gehad het nie.

Nou goed, hulle wou skoolopleiding gehad het? --- Ja.

Wat het jy hulle daarmee gehelp? Skoolsertifikate, skoolboeke, daardie tipe van ding - jy het daaroor vir hulle gehelp ? --- Moes ek dan die sertifikate verskaf of moes hulle dit by hulle skole kry?

Nou probeer jy snaaks wees. Ek sal die ding hier los. Ek sal later vir Sy Edele vertel hoe praat jy hier leuens

oor hierdie punt. Ek los dit nou. --- Maar ek is nie snaaks nie. Ek kan tog nie na sy huis toe gaan en sy sertifikate uit my eie gaan soek nie.
Bly nou maar stil, ek is klaar met hierdie punt. Hoekom wou jy die manne gesien het, hierdie ses kêrels? - Dit is nou Patrick Mhlangu en sy maats? --- Ek wou graag geweet het, hulle ouderdomme geken het.

Het jy toe hulle ouderdomme vir hulle gevra? --- Ek het hulle nie gevra nie want Jerome het my reeds daarvan vertel.

Nou waarvoor wou jy hulle dan gesien het? --- Maar ek moet hulle tog sien. Hoe kan ek 'n persoon help wat ek nie eers gesien het nie.

Goed. Het jy vir hulle uitgevra waarvoor hulle wou gaan studeer? --- Ek het nie.

Hoekom nie? Jy stel mos nou belang in hierdie manne, jy wil hulle help? --- As 'n persoon vir my sê hy wil gaan leer, ek vind geen nood hoekom ek hom moet vra waarvoor nie. Hy weet waarvoor hy daar wil gaan.

Goed. Wie het die eerste afspraak gemaak met hierdie manne daar by die pad? --- Die persoon wie hulle daar gebring het het hulle aan my voorgestel.

By die pad? --- Ja.

Dit was Jerome Nkosi? --- Ja.

Het hy vir jou gesê hy maak 'n afspraak met hulle vir die pad? --- Ja.

Wanneer het hy dit vir jou gesê? --- Net daar, toe ons daar saam gewees het.

Wanneer het jy die eerste keer gehoor van die byeenkoms daar by die pad? --- Ek het dit die Donderdag gehoor toe hulle my by die huis kom haal het.

Het/...

Het jy geweet jy gaan nou die manne sien wat wil uitgaan vir opleiding, skoolopleiding, volgens jou? -- Ja.

Hoekom het jy nie gesê die mense moet na jou huis toe kom nie? --- Hulle het besluit om daar by die pad te gaan staan. Ek kan hulle nou nie na my huis toe roep nie.

So as hulle dit nie besluit het nie, as hulle daar by jou huis aangekom het dan sou jy daar met hulle gesels het? --- Ja ek sou nog met hulle gepraat het, al het hulle by my huis gekom.

Hoekom sê jy toe nie daardie aand vir hulle kom julle môreaand na my huis toe nie? Hoekom maak jy weer 'n afspraak vir die pad? --- As hulle besluit het om daar by die pad te gaan ontmoet, dit is hulle besigheid.

Kyk hierso Richard, jy het vir hulle gesê hulle moet die volgende aand weer daar bymekaarkom? --- Ek het gesê hulle moet weer môre bymekaarkom maar ek het nie gesê by daardie plek nie.

Nee Richard, moet nou nie hierso staan en lieg vir die Hof nie. Jou eie getuienis was dat jy vir hulle gesê het hulle moet weer daar bymekaarkom, dat hulle donker klere moet aantrek, dat hulle twee-twee moet sit en nie op 'n hopie bymekaar nie. --- Jerome het vir hulle daar gesê hulle moet bymekaarkom. Nou sê die aanklaer ek het nou gesê hulle moet nou bymekaarkom.

Richard, jou getuienis in hierdie Hof toe my Geleerde Vrien jou gelei het was dat jy vir hulle gesê het Freddie is nie daar nie hulle moet môreaand, die volgende aand, weer daar bymekaarkom by dieselfde plek. --- Ek het slegs van die byeenkoms gepraat en nie van daardie plek nie. Ek het nie gesê hulle moet op dieselfde plek daar bymekaarkom nie.

Goed/...

Goed, ons aanvaar dit nou so dat jy dit nou so sê. Hoekom het jy dan vir hulle gesê hulle moet net twee-twee bymekaar sit en hulle moet donker klere aantrek? --- Maar ek het hulle nie vir die toekoms vertel nie. Ek het hulle maar net vir daardie oomblik daar vertel.

Jy het vir hulle vertel, volgens jou getuienis, omtrent die volgende vergadering. --- Nee dit is nou nie die waarheid nie.

Jou geheue lyk dit vir my is baie kort. Jy vergeet dat jy leuens vertel het. Ek sal vir jou sê wat jy verder gesê het. Jy het - toe my Geleerde Vriend jou gelei het toe sê jy die rede waarom jy dit vir hulle gesê het is dat die polisie miskien daarso kon wees en dit is tye van onluste en dan dink die polisie julle is besig om verkeerde dinge te doen. Kan jy dit nou onthou? --- Maar as ek met 'n persoon op 'n sekere oomblik praat, ek praat net met hom daardie oomblik, vir daardie oomblik.

O. --- Ek sê nie vir hom die volgende keer dan moet hy ook net so gaan doen nie.

Goed. Dit is nou gemenesaak jy is saam met die manne weg grens toe, nè? Jy sê jy het tot op Driekoppies gegaan? --- Ja, tot op Driekoppies.

Daar het jy hulle gelos? --- Ja.

Jy het gesien hulle klim in die bus en hulle ry weg? --- Ja.

Jou skoonsuster wat hier getuig het het ook gesien hulle klim op die bus en hulle ry weg en jy bly daar agter? --- Maar toe ons weggegaan het van haar huis af, toe was sy nie by die huis nie. Sy was nog by die ander huis daar naby. En as sy daar by daardie huis is dan kan sy nie 'n persoon daar by die busstop sien, of hy gaan, weggaan of

terugkom nie.

Maar sy sê sy het jou gesien saam met hulle wegry, jy het saam met hulle in die bus geklim.

MNR. MENDELOW: U Edele ek sou nie sê sy het so gesê nie.

HOF: Hy het dit gesê. In kruisverhoor was dit aan haar gestel of sy seker was en sy het gesê ja sy is seker. I think it was your last question in cross-examination. At the end of her evidence you'll find the reply to your question. I think it was the last question you put to her. Have a look at page 147.

MR. MENDELOW: Yes that's correct M'Lord, I'm sorry. I'm sorry I interrupted. --- Sy Edele, as 'n persoon daar by daardie huis is waar sy gewees het, dan kan sy nie by die busstop sien nie.

MNR. JANSEN: Het jy haar weer gesien daarna? --- (mnr. Jansen gaan voort)

Toe die vier manne weg is met die bus? --- Ek het gesien toe sy op die voorstoep van daardie huis gesit het, toe stap ek verby na haar huis toe maar ek weet nie of sy miskien gesien het nie.

So jy moet van die busstop af by die huis waar sy gekuier het verbygestap het om by haar huis te kom? ---- Sy Edele, toe ek langs daardie pad gestap het van die busstop af het ek haar nog by daardie huis gesien. Dit is voor ek by haar huis aangekom het

Hoe ver is die twee huise uitmekaar uit? --- Omtrent 50 meter.

So sy moes jou gesien het? --- Ek weet nie.

Maar jy het haar gesien, niks het jou weggesteek nie? --- Sy het daar op die voorstoep gesit. Sy was besig met daardie mense daar. Ek kan nie sê of sy vir my gesien het

of/..

of nie.

Goed, en jy het haar die volgende dag weer gesien? --- Die volgende dag, ek was daar gewees.

Het jy haar gesien? --- Ja.

Het jy gepraat met haar? --- Ja. Die volgende dag ..(mnr. Jansen kom tussenbei)

Ek wil nie die geskiedenis hoor wat jy al die dae daarna gedoen het nie. Ek praat net van die dag nadat die manne met die bus daar weg is. --- Die volgende dag
was die Donderdag. Ek het haar gesien, ek was daar. Vrydag 1
was ek daar en toe gaan ek die Saterdag weg.

Dit is nie haar getuienis aan die Hof nie. --- Ja, dit is die polisie wat vir haar so gesê het. Dit is nie ek wat vir haar so gesê het nie.

__HOF__: Een van die manne wat jy saam mee gegaan het het in Mosambiek beland, nie waar nie? --- Ek weet nie. Ek het gehoor toe die polisie my daarvan vertel het.

Jy het nie nodig om dit van die polisie te hoor nie. Jy het dit gehoor van beskuldigde nr. 1. Hy het hom daar
gekry in die Memo kamp. --- Toe ek gearresteer was was 2
die twee beskuldigdes nie daar gewees nie.

Vergeet nou waar hulle was; hulle was blykbaar in veilige bewaring. Een van die manne wat saam met jou gegaan het, aan wie jy die pad beduie het, het in Mosambiek beland. Dit weet jy nou vandag. --- Ja ek weet daarvan.

Sou hy ook moontlik verdwaal het soos die eerste groepie gedoen het? --- Ek het mos nie saam met hulle gegaan nie.

Hy sê jy het saamgegaan tot daar, tot by die grens. ---
Ek het nie tot by die grens gekom nie. 3

__MNR. JANSEN__: Ek gaan nie baie langer met jou tydmors nie.

Ek/...

Ek wil net hier na hierdie rekord toe kom en ek wil vir
jou nou 'n kans gee, Richard, om die waarheid te praat
in hierdie Hof. Op bladsy 16 van die verrigtinge by die
landdros, reël 19, toe vra die landdros vir jou: "Het
hulle gesê wat se opleiding hulle wil gaan ondergaan?"
Kan jy onthou dat die landdros vir jou die vraag gevra het?
--- Ek kan nie onthou nie.

Goed. Jou antwoord hierso staan: "Militêre opleiding".
Het jy dit gesê of het jy dit nie gesê nie? --- Ek het
dit nie gesê nie. 1

Richard, ek het vanoggend na die band geluister, ek
het dit hierso. Ek sal die band hier laat speel in die Hof
as Sy Edele dit wil hê, waar die landdros se vraag wat ek
nou aan jou gelees het baie duidelik uitkom, waar die vraag
korrek aan jou oorgetolk is en waar jou antwoord duidelik
op die band uitkom waar jy sê "military training". --- Ek
onthou dit nie.

Ek stel dit aan jou dit het gebeur, ek het vanoggend
daarna geluister en ek het die tolk saam met my gehad wat
vir my alles vertaal het. --- Ek onthou nie dat ek soiets 2
vertel het nie.

Sê jy nou jy het dit nie vertel nie of kan jy nie onthou
dat jy daardie erkenning gemaak het nie? --- Ek ontken dit.

So jy wil hê ons moet dit speel dat jy dit self kan
hoor of sal jy dan sê ek het die band gekook? -- As die
Hof wil dit speel, dan kan die Hof dit terugspeel.

Goed. 'n Ander passasie wat baie duidelik hier uitkom
is op bladsy 17 reël 10. Jou antwoord: "Ek het geweet hulle
gaan Mosambiek toe. Ek het geweet wat hulle bedoeling is."
Die landdros se vraag daarop aan jou kom duidelik oor: "Wat 3
was hulle bedoeling? Hoe het jy dit verstaan?" En jy
antwoord/...

antwoord weer "Om militêre opleiding daar te gaan ontvang". Daar kom jou stem weer baie duidelik deur en jy gebruik weer die woorde "military training" in Engels. Ontken jy dat dit gebeur het? --- Ek onthou dit nie.

Ek wil dit aan jou stel, om kruisverhoor af te sluit, dat jy die persone in aanklag 4 en die persone in aanklag 5 beduie en vergesel het na die grens van Mosambiek terwyl jy geweet het hulle gaan vir militêre opleiding. --- Dit is nie so nie.

En jy het geweet hulle kom terug om hierso te kom veg. --- Nee dit is iets wat ek nie van weet nie.

Daar is net een ding wat my ontgaan het wat ek aan jou wil stel. In jou hoofgetuienis het jy gesê dat jy en Jerome Nkosi baie oor politiek gesels het. --- Ja.

En julle het gesels oor militêre opleiding in die algemeen? --- Ons het dit by die koerante gekry. Dit is die rede wat ons daaroor gesels het.

Julle het baie daaroor gesels, nè?

<u>RE-EXAMINATION BY MR. MENDELOW</u>: No questions.

<u>NO FURTHER QUESTIONS</u>.

<u>CASE FOR THE DEFENCE</u>.

---

MASUKU, NKOSI, CHAUKE

# 'I believe in Bram not God'

RDM 18/11/77

Staff Reporter

A TERRORISM Act accused refused to take the oath when ordered to do so by a judge in the Pretoria Supreme Court yesterday, saying he did not believe in God but in Bram Fischer and Joseph Mdluli. He gave the black power salute.

Mr Thomas Selapi Masuku is appearing with two other men before Mr Justice Theron facing charges of participating in terroristic activities. The other two are Mr Temba Steven Nkosi and Mr Richard Sipho Chauke. All come from Mamelodi.

When called into the witness box to testify Mr Masuku refused to take the oath saying: "I can't swear to God because I do not believe in Him nor in His existence. I can only swear to Bram Fischer and Joseph Mdluli." While speaking he gave a clenched fist salute.

Defence counsel Mr C C Mendelow, SC, advised Mr Masuku to take the oath and he changed his mind and did so.

At a previous hearing in the Pretoria Magistrate's Court Mr Masuku and Mr Nkosi had pleaded not guilty to charges of participating in terroristic activities and pleaded guilty to charges of being in possession of dangerous weapons.

It has been ruled by the court that names of all witnesses not be published and they should also give their evidence in camera.

The State alleged that Mr Masuku and Mr Nkosi were recruiting people from South Africa to undergo military training in Tanzania until such time that they returned and fought against white South Africans, using dangerous weapons.

A letter allegedly written by Mr Masuku to a Mamelodi student was handed into the court. In part it said "... the racists are working harder than ever to divide us amongst ourselves. They want us to believe that our land is not South Africa ... but just Bantustan backyards. We are continuously told that our leaders are not leaders like Sisulu, Mbeki, Mandela, Kotane but those on the government payroll like Gatsha and Matanzima".

After eventually taking the oath Mr Masuku told the court that he was called by the police earlier this year after they had received a tip-off that he and his friends intended leaving the country with a certain Mr James Mafuna, whom he told the police did not exist.

"The police wanted to arrest the non-existent Mr Mafuna and told me to come to town (Pretoria) with him so they could arrest him. I agreed but the following day when they asked me where Mr Mafuna was I lied and said he had failed to keep his appointment."

But after telling them that Mr Mafuna would most probably come to his (Mr Masuku's) home a top-ranking officer had given him R30 to buy liquor for Mr Mafuna and the others so the police would arrest them while they were drunk, Mr Masuku said. After collecting the money he had gone to his friends and told them they were to skip the country the same day as the following day police would be looking for them.

They left and entered Mozambique where two Frelimo officials confronted them. They explained that they were escaping the riots.

The hearing continues today.

# 3 Terror Act men get 58 years jail

POST 23/11/77

THREE Mamelodi men who were facing five counts under the Terrorism Act were yesterday found guilty on all charges and sentenced to a total of 58 years.

Thomas Velaphi Masuku (26) was found guilty on three counts and sentenced to six years, 10 years, and 10 years on count one, two and three respectively. Mr Justice Theron ruled that a six-year jail term was to run concurrently with one of the ten-year sentences.

## GUILTY

Stephen Themba Nkosi (19), was also found guilty on three counts and sentenced to five years, eight years and eight years on each count. The five years are to run concurrently with one of the eight year terms.

A third man, Richard Sipho Chauke (25), was found guilty on counts four and five, and sentenced to five and six years on each count — a total of 11 years.

All the accomplices who had given evidence and whose names the Press was asked not to publish, were cautioned and discharged by the judge.

**Collection Number: AD2021**

**Collection Name: Security trials, Court records, 1958-1982**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.